

Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

2

Kwartaal 3



Leerder: _____

2

Kwartaal 3

Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

Leerderaktiwiteitsboek



Erkennings

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

Illustrasies

Baie dankie aan Anja Stoeckigt vir haar bydrae tot die meeste illustrasies in hierdie boek.

Ander illustrasies is verskaf deur

Nelri Malan: Bladsy 10, 19, 49 en 75; Alex Latimer: Bladsy 23, 36 en 86; Patrick Latimer: Bladsy 34 en 106; Zinelda McDonald: Bladsy 40, 69, 100 -105 en 111; Jiggs Snaddon-Wood: Bladsy 54-59 en 77; Rassie Erasmus: klankwoorde.

Omslag: Anja Stoeckigt

Foto-erkenings

Shutterstock: Bladsy 8: Iron Casper (waterfiltereksperiment), Bladsy 45: tirc83 (bus)
iStock: Bladsy 8: eyjafjallajokull (sementvermenging); Bladsy 12: Michael David Hill (mol); Bladsy 17: pfly (erdwurm); CSIRO (termiet); Bladsy 21: Anthony Webb (Drakensberg-amfiteater); Bladsy 45: Isuzu Truck Centre (bakkie); Bladsy 60: Danie van der Merwe (eerste stoomtrein); John Middleton (eerste elektriese trein); Leith Paxton-versameling (eerste dieseltrein); Bob Adams (Gautrein); Bladsy 64: Vincent van Gogh (*Sunflowers*); Bladsy 73: Oregon State University (Wangari Maathai); **Funda Wande Media-span:** Bladsy 89 (pikkewyn-padteken).


Spesiale dankie aan Leonard Nguire vir die toestemming om sy skildery *Dagoretti Market* op bladsy 67 te mag gebruik.

Alle ander foto's is verskaf met toestemming: **Freepik**, **Rawpixel** en **Pexels**.

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-991225-16-0

Version 2: 2024



Enigiemand is vry om die materiaal te **deel** (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of **aan te pas** (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken: *Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Leerderaktiwiteitsboek, Graad 2, Kwartaal 3, CC BY 4.0.*

Geen bepalinge of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.


Vir meer inligting: <https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>

Inhoud


Week 1	Die wetenskap van grond	1
Week 2	Die wetenskap van grond	17
Week 3	Aan die gang	27
Week 4	Aan die gang	43
Week 5	Treine	53
Week 6	Boomplantweek	69
Week 7	Bly veilig op die pad	79
Week 8	Bly veilig op die pad	93
Week 9	Wie kan help?	99




Ikone



Lees



Handskrif



Klanke




Aanvangskennis



Kreatiewe Kunste




Onafhanklike Werk



Kleur in



Skryf



Knip uit

Die wetenskap van grond

Week 1 en 2





Die grondwetenskaplikes



Die onderwyser het die kinders geleer van piepklein wesens wat in die grond leef.



Die leerders het grond uit die tuin gevat.



Die onderwyser het vir elke groep 'n vergrootglas gegee.




Precious het deur die vergrootglas gekyk.




Sy het baie klein wurmpies in die grond gesien.



Dit was Samson se beurt. Hy het gesê dat hy iets met baie pote gesien het.



Dit was Lindiwe se beurt. Sy het 'n piepklein miet met baie hare gesien.



Ayanda het deur die vergrootglas gekyk. Sy het 'n klein wesentjie, 'n sandvlooi, gesien spring.



Toe Amos deur die vergrootglas kyk, het hy klein eiertjies gesien.



Sipho was so opgewonde. Hy het baie daarvan gehou om deur die vergrootglas te kyk. Hy het hom verbeel dat hy 'n wetenskaplike is.





Grond is belangrik



1 Plante groei in grond

- Grond hou die plante vas sodat dit nie omval nie.
- Grond het water en kos vir plante wat deur hul wortels opgeneem word.



2 Diere en ander lewende goed bly in die grond.



3 Grond help om water te suiwer.



4 Ons gebruik grond om te bou.



5 Ons kan grond gebruik om potte te maak.

Ons kan nie sonder grond lewe nie!

Kan mense grond verander?

- Wanneer ons kompos of mis in ons tuingrond inwerk, verbeter ons die grond.
- Wanneer ons die grond besoedel of plante uithaal, beskadig ons die grond.

kl




klip



klei



klam




klop


klein

kloek

klaar



kl _____



h _____



l _____

Die klein ponie klim en klouter oor die klippe.



Kom ons maak kompos

Kompos verbeter die grond sodat plante beter daarin kan groei. Kompos word gemaak van verrotte plante wat deur wurms, insekte en bakterieë opgebreek word.

Wat jy nodig het



Wat om te doen

1 Sny die boonste deel van die plastiekbottel af om 'n skarnier te maak.	2 Gooi van die grond op die bodem van die plastiekbottel. Gooi 'n handvol koerantpapier-stroke in die bottel. Gooi dan van die groenteafval en 'n laag droë/ dooie blare of gras in. Herhaal die lae totdat die bottel amper vol is. Vrugte- en groenteskille/ droë gras Koerantpapier Grond
3 Gooi water by.	4 Trek 'n streep op die bottel om die bokant van die bestandele aan te dui. 5 Plaas die bottel op 'n vensterbank wat baie sonlig kry.

Merk elke tweede week die bokant van die bestanddele. Skryf die datum daarby.

Kies die regte woord



klits

klip



klere



klou



klei



klop



1 Die dief het die ruit met die klip stukkend gegooi.

2 Sia _____ aan die bure se deur.

3 Die apie _____ aan sy mamma.

4 Ons _____ die mengsel om 'n koek te bak.

5 In die winter dra ons warm _____.

6 Sus maak diere van die _____.



Ondergrondse mynwerkers



Sommige diere
kan onder die grond
leef. Mole grawe
tonnels en is meestal
ondergronds.

**Is mole karnivore?
Wat eet hulle?**


kn



knoop



knie



knop




knaag

knyp

knik


knak



af



its




aar

Mila kners en kyk na die knop op haar knie toe sy dit in die deur vasknyp.




Wat om in kompos te sit


Kleur die dinge wat jy in kompos kan sit, **groen** in.
Kleur die dinge wat jy nie in kompos kan sit nie, **rooi** in.




Kaas



Metaalvoorwerpe



Vleis



Kartonrolle




Vrugteskille




Fyngemaakte
eierdoppe



Vis



Aartappelskille




Bene



Koerantpapier



Blare



Brood



Glasbottels



Grassnysels



DATUM _____



Spoelees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

kloek	kos	som	soen	mes
grap	aan	wees	steel	koud
kous	hom	pas	deel	klip
bek	boos	tak	vuis	leer
kners	pot	hoes	poel	graaf
deur	stoep	gat	ver	knyp
self	krom	knoop	fluit	fraai
papier	wet	mier	grof	draak
klein	pyp	hoop	duim	neut
bring	ram	pyn	bloei	frokke

Hoogste telling: _____ woorde per minuut



Lees in pare



Waldo lê en luister. Wat klink so?
Hy is seker daarvan hy hoor 'n klop
aan die deur. Hy klim uit sy bed om
te gaan kyk. In sy haas, stamp hy sy
knie teen die hoek van die bed. Eina!
Dit sal seker 'n knop maak.



Wat hoor Waldo?

Waldo haas hom na die deur. Voor
hom sit 'n muis. Die klein klits het
'n gat regdeur die deur geknaag.
Foeitog, dink Waldo! Hy was seker
bang hy kry koud buite.



Hou jy van muis?
Hoekom, of hoekom nie?






DATUM _____

Grond-superhelde

Wie hou die grond gesond? Grond-superhelde! Dit is die klein diertjies wat in die grond leef en hard vir ons werk.



Erdwurms eet verrotte plante en grond, en hul mis voed die grond. Hulle grawe piepklein tonnells in die grond en maak dit makliker vir reënwater om in die grond in te loop en daar te bly.



Miskruiers is die wêreld se sterkste insek. Hulle maak balletjies van mis bymekaar en bêre dit dan in die grond. Dit bemoes (voed) die grond en help plante om te groei.

Termiete maak grondhope bokant die grond. Onder die grondhope maak hulle 'n klomp klein tonneltjies onder die grond wat water en lug diep in die grond laat ingaan. Hulle eet dooie hout en sit so die voedingstowwe uit hul kos terug in die grond vir ander plante om te gebruik.



kr



kraai



kraan



kraag



krat

krag

kryt

krom



t _____ r



h _____ d



_____ oon

Die kraai kry s kras toe al sy krag nie genoeg is om die blink kroon in sy nes te kry nie.



DATUM _____

Gronderosie-eksperiment

Kan die wortels van plante hulself in die grond anker en keer dat water die grond wegspoel?

Wat om te doen

- 1 Sny 'n plastiekbottel horisontaal deur. Gebruik die groter deel van die bottel.
- 2 Gooi grond in die een helfte van die bottel. Gooi 'n bietjie grond met gras bo-op in die ander helfte van die bottel.
- 3 Hou 'n maatbeker teen 'n effense hoek onder die bottel met die grond in.
- 4 Gooi 100 ml water stadig bo-op die grond en meet hoeveel water in die maatbeker val.



Wat het jy gesien?

Grond



Grond en gras



Vul die ontbrekende klanke in.



1 k r at



2 oon



3 its



4 aan



5 aai



6 aag



7 ip



8 om



DATUM _____

Waar kom grond vandaan?



Water en wind
breek stukkies rots
van berge af en maak
dit kleiner en kleiner.
Verrotte plante en diere
meng met hierdie sand
om grond te vorm.

Hoe lank neem dit
vir 'n rots om tot sand
afgebreek te word?

kw



kwas



kwaad



kwyl




kwaak

kwes

kwyn

kweek



_____ | _____ eek _____ er

Die eend **kwaak** **kwaai** vir die jagter wat hom **gekwes** het.



DATUM _____

Red MaZaca se tuin

**Gesels oor die prente.
Hoe help die gemeenskap?**



Ons kan gronderosie keer deur _____

Skryf die woorde reg neer

1



rtie

tier

2



aaikr

3



kaakw

4



aaikw

5



suikr

6



nkraa

7




kkwee

8



gaakr



DATUM _____

Leesbegrip

Lees die storie **Die grondwetenskaplikes.**



- 1 Merk al die regte antwoorde.
Die onderwyser het die leerders geleer van
- ☐ klein diere. ☐ groot diere. ☐ grond.

- 2 Lees die tabel. Wat het elke leerder gesien?
Maak 'n kruisie in die regte blokkie.

	Precious	Samson	Lindiwe	Ayanda	Amos
'n Miet met baie hare					
Piepklein wurmpies					
Iets wat gespring het					
Iets met baie pote					
Piepklein eiertjies					

- 3 Wat wil Sipho graag wees wanneer hy groot is?

- 4 Wat wil jy graag wees wanneer jy groot is?



Lees in pare



Koning Kraai hou baie van blink goed. Hy kry hard as hy iets in die verte sien blink en duik kwaai af om dit op te raap. Dan kom sit hy dit in sy kroon.



Waarvan hou Koning Kraai?

Op 'n dag sien hy 'n kraan. Dit blink in die son en hy kwyl toe hy dit sien. Hy neem sy kans waar, maar met ál sy krag kry hy nie die kraan los nie. Hy voel gekwes en vlieg na sy nes.




Hoekom kon Koning Kraai nie die kraan vat nie?



Aan die gang

Week 3 en 4





Mkhulu se kroiwa



Mkhulu het 'n kroiwa gehad. Hy het allerhande goed bymekaargemaak om na die herwinningsdepot te neem om geld daarvoor te kry.

Sy troetelhaan, Prins Kloe, het voor op die kroiwa gesit.



Ayanda en Sipho het amper vir Mkhulu en sy haan omgery toe hulle met hul fietse verby hulle gery het.

“Ons het ’n fietsklokkie vir hierdie kroiwa nodig,” het Mkhulu gesê. Hy het toe een by die vullishoop gekry.



Mkhulu het 'n paar plastiekbottels in die kruise gesit. Op pad vullishoop toe het dit baie warm geword.


“Ons het 'n sambreel vir hierdie kruise nodig,” het hy gesê. Hy het twee sambrele by die vullishoop opgetel.





Mkhulu het 'n paar ou koeldrankblikkies in die kruise gesit. Dit was steeds baie warm. Hulle het dors geraak.

“Ons het water vir hierdie kruise nodig,” het hy gesê. Toe het hy water by die spaza-winkel gekoop.



Mkhulu het gebreekte glas in die kruise gesit. Toe het die wiel heeltemal afgeval.

“Ons het gereedskap op hierdie kruise nodig,” het hy gesê. By die vullishoop het hy gereedskap opgetel en die wiel reggemaak.



Toe het hulle by die herwinningsdepot aangekom.
Daar het hulle al die plastiekbottels, koeldrankblikkies
en gebreekte glas ingegee en geld daarvoor gekry.

Hulle is daar weg met baie geld in Mkhulu se sak.



Reis met my skoene

Hoe het jou skoolskoene tot by jou gekom? Die meeste van ons skoene reis ver vanaf die fabriek tot aan ons voete. Kyk na die verskillende prente en tel die verskillende soorte vervoermiddels.



trein

skip

lorrie

vragmotor

taxi

vliegtuig

Beskryf wat met die skoene in een van die prente gebeur.

pl



ploeg



plan



plaas



plak

pluim

ploeg

plooi



_____ aas

_____ as

_____ as

Die man pleister die plek se mure en slaan
die plafon vas.



Vervoer en die omgewing

Motors, taxi's en vragmotors wat petrol en diesel gebruik, veroorsaak lugbesoedeling.

1



lorrie



bakkie



stap

2



taxi



groot vragmotor



taxi

3



stap



tuin



stap

Storie _____ is die beste vir die omgewing, omdat



DATUM _____

Kies die regte woord



ploeg

plak



pluk





plaas

plan



plaag



plak

1 Mamma _____ 'n pleister op my seerplek.


2 Ek kuier by Oupa op die _____.

3 Die boer _____ die land voordat hy saai.

4 Ek het 'n _____ gemaak.

5 Ek en my maat gaan vrugte _____.

6 Die muskiete word nou 'n _____.



Om op 'n boot te woon



Party mense woon
op bote op riviere of op
die see. Hierdie boothuise
van hout word sampans
(oosterse bootjie) genoem.

Waar kry ons sampans?

pr



prins



prent



proe




prys

praat

prop

proe



_____ op

_____ ip

v _____ r

Die **pr**agtige meisie **proe** aan die **pruim** en
prys die **prins** daarvoor.



Waarheen reis hulle?

Pas die woorde by die prente.

mark

skool

huis

dorp

werk

'n ander
dorp

'n ander
land

poskantoor





DATUM _____



Speedlees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

byt	knyp	pop	hek	haar
klere	mes	die	kraak	moet
vies	wen	kwes	praat	kar
soen	nek	sug	kuif	hand
pret	maal	knoop	lou	groen
prent	voel	reg	draf	ster
neut	ken	boom	fiets	kies
gooi	klou	sat	kwaad	lief
plak	bos	rus	nuut	dun
kwyl	jy	graaf	plek	hier

Hoogste telling: _____ woorde per minuut



Lees in pare



Prins Pret hou baie van pruime. Eendag roep hy sy kneg en vra hom om vir hom 'n paar pruime op die plaas langs die paleis te gaan pluk. Die kneg buig diep en hardloop na die plaas.



Wie hou baie van pruime?

Sommer gou is die kneg se sak propvol pruime. Hy stap gou-gou terug, maar ploeg voor die paleis neer. Hy spring op en neem die pruime vir die prins. Hy proe daaraan en prys hom vir die lekker pruime.



Waar het die kneg geval?





DATUM _____

Hoeveel wiele?



Kruiwaens het net een wiel.
Om dit te laat beweeg moet jy
dit aan die handvatsels optel
en stoot.



Die meeste fietse het twee wiele.
'n Fiets het nie 'n enjin nie. Jy
moet die pedale trap om die fiets
te laat beweeg.



'n Motorfiets het ook twee wiele,
maar dit het 'n enjin sodat dit
vinnig kan beweeg.



'n Toek-toek het drie wiele.
Toek-toeks word gebruik om mense
in besige stede mee te vervoer.
Dit gebruik petrol.



Motors het vier wiele en 'n enjin.
'n Motor kan 'n hele gesin op
dieselfde tyd vervoer.

Die voertuig met die meeste wiele is 'n

sk



skoen



skip



skaap



skeur

skeef

skep

skop



_____oon

_____ep

_____uim

Die skaap skop en skuur om uit die skeur
in die rots te kom.



DATUM _____

Nog wíele



'n Taxi het vier wíele, maar is groter as 'n motor. In elke taxi word aangedui hoeveel mense dit mag vervoer.



'n Bakkie het vier wíele en word meestal gebruik om mense en goed te vervoer.




Busse kan baie mense op dieselfde tyd vervoer. Die meeste busse het twee wíele voor en vier wíele agter.



In die groot stede moet party busse baie meer mense vervoer. Dié busse is langer as die gewone busse en het ekstra wíele nodig.

Die voertuig met die meeste wíele is

Vul die ontbrekende klanke in.



1 sk aap



2 _____ ins



3 _____ op



4 _____ oen



5 _____ ip



6 _____ eur



7 _____ uim



8 _____ aat



DATUM _____


Warm en koel kleure



Party kleure laat ons aan sonlig en warmte dink
– gelukkig en speels. Party kleure laat ons aan
water en ski dink – koel en ontspanne.

Watter kleure is die warm kleure in die prent?

sl



slak



slaai



slot



slaap

sluk

slim

slym



_____ and _____ ym _____ ert

Die **s**lymerige **s**lak **s**luk van die **s**laai.



DATUM _____

My eerste kompos-verslag

Waarneming in Week _____



Wat ek gesien het

Ek het veranderinge in my kompos gesien.

☐ ja

☐ nee


Die boonste laag van die kompos is _____.

Die kleur van die kompos is _____.

Ek het _____

_____ opgemerk.

Skryf die woorde korrek neer



1



ipsk

skip

2



slka

3



otsl

4



uitsl

5



naasl

6



epsk

7



ymsl

8



oeskn



DATUM _____

Leesbegrip



Lees die storie oor **Mkhulu se kruiwa**.

- 1 Prins Kloek was
☐ 'n hen. ☐ 'n haan.
- 2 Mkhulu het bottels en blikkies opgetel om
☐ die pad skoon te maak. ☐ dit huis toe te neem.
☐ geld in ruil daarvoor te kry.
- 3 Merk al die goed wat Mkhulu bymekaargemaak het.
☐ glasbottels ☐ koeldrankblikkies
☐ plastieksakkies ☐ fietsklokkie
☐ sambrele ☐ plastiekbottels
- 4 Dui die regte volgorde aan waarin Mkhulu die goed bymekaargemaak het.

				
klokkie	gereedschap	sambrele	water	blikke
1				

- 5 Wat het Mkhulu gekry wat hy nie in sy kruiwa gesit het nie?



Lees in pare



Slakkie is 'n skaam slak. As die son skyn, sal jy nie vir Slakkie sien nie. Hy kruip graag in 'n skeur in Stefan se tuin weg. Daar slaap hy die hele dag lank. Slim Stefan weet dit, want hy het die slymspoor gesien wat na die skeur in die rots lei.



Wanneer sal jy nie vir Slakkie sien nie?

Net voor die son sak, maak slim Stef vir Slakkie 'n lekker ete. Hy skep slaai in. Hy weet Slakkie sal nie sloer as hy die slaai sien nie. Toe trek hy sy skoene aan en draf tuin toe. Slakkie is skoon bly om hom te sien. Hy lyk glad nie meer skaam nie.




Wat het Stefan vir Slakkie gegee om te eet?



Treine en Boomplantweek

Week 5 en 6





Dora se ouma en die Phelophepa-trein



Dora se ouma het gesê: “Ek kan nie die pamflet lees nie. Die letters is te klein.”

“Miskien moet Ouma haar oë laat toets,” het die onderwyser gesê. “Wanneer die Phelophepa-trein kom, kan Ouma daar hulp kry.”



Kegetso se suster moes ook na die Phelophepa-trein gaan. Sy wou vir haar inenting teen griep gaan.

Petros wou ook gaan. Hy wou hê dat die tandarts iets moes doen om sy tandpyn te stop.



Hulle het almal stasie toe gegaan sodat die dokters op die Phelophepa-trein hulle kon help, maar die trein het nie gekom nie.

Baie mense het vir die Phelophepa-trein gewag. Hulle het drie dae lank gewag. Uiteindelik het die trein gekom. Die trein was laat omdat diewe die kables op die spoorlyn gesteel het.





Petros het in die trein geklim. Die tandarts het sy tand gesond gemaak.

Kegetso se suster het in die trein geklim. Sy het haar inenting teen griep gekry.

Ouma het in die trein geklim. Die oogdokter het haar oë getoets. Sy het 'n nuwe bril gekry.



Kegetso se suster was baie bly oor haar inenting teen griep. Sy het gesê dat dit haar in die winter veilig hou teen griep.

Ouma was bly om met haar nuwe bril weer goed te kon sien. “Nou kan ek al die pamflette lees,” het sy gesê.

Petros was baie, baie gelukkig. Sy tand is gestop.
Dit was nie meer seer nie.

Hy het sy stopsel vir al die mense gewys.
Hy het daardie aand lekker geslaap.





Geskiedenis van Suid-Afrikaanse treine



Die eerste **stoomtrein** het in 1859 vanaf Kaapstad na Wellington in die Wes-Kaap gereis. Dit het een volle dag geneem. Stoomtreine verbrand steenkool om die water te verhit. Die warm water maak stoom wat die wiele van die trein aandryf.



Die eerste **elektriese trein** het in die 1920's vanaf Pietermaritzburg na Glencoe in KwaZulu-Natal gereis. Dit het teen 13 kilometer per uur beweeg.

Elektriese treine het 'n metaalraam aan die bokant wat aan elektriese drade verbind is. Die elektrisiteit van die drade dryf die wiele van die trein aan.



Die eerste **dieseltrein** is in die 1940's gebruik.

Dieseltreine is baie sterk treine. Hulle werk selfs gedurende kragonderbrekings. Baie passassierstreine gebruik diesel om hul wiele aan te dryf.



Die **Gautrein** is 'n baie vinnige passassierstrein. Dit is in 2010 in Gauteng geopen. Dit kan tot 160 kilometer per uur beweeg.

Die Gautrein reis van Johannesburg na Pretoria. Dit neem net 35 minute. Dit gebruik elektrisiteit.



DATUM _____

sm



smeek



smeer



smelt




smal

smul

smous

smaak



_____ul



_____aap



_____ak

Meneer Smit, die smid, smelt die goud
voordat hy dit smous.

DATUM _____



Skryf die naam van die trein
onder die regte datum.

1860

1920

1940


2010



Gautrein



stoom



diesel



elektries

Ek sal graag met die _____ wil reis

omdat _____



DATUM _____

Kies die regte woord



smelt

smeer



smous




smeek

smul



smal



1 Jana smul aan die heerlike kos.

2 Jan huil, want sy roomys _____.

3 Paul _____ botter op sy brood.

4 Die arm seun _____ om werk.

5 Die _____ verkoop vrugte.

6 Die skelm kruip in die _____ stegie weg.




'n Beroemde kunstenaar



Vincent van Gogh was 'n beroemde skilder. Hy het hierdie sonneblomme in 1888 geverf. Elke blom lyk 'n bietjie anders. Hoeveel sonneblomme is daar? Tel hulle versigtig.

In watter land is Vincent van Gogh gebore?

sn



snoek



snor



snaar



snoei

snik

snaaks

sneeu



_____eel




_____aaks




_____aan

Die man met die snor vang snags
snoek al sneeu dit.



Hoe om kleuren te meng



rooi + geel = _____

geel + blauw = _____

blauw + rooi = _____





DATUM _____



Spoelees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

gom	kras	hou	eet	ek
maag	skip	skaap	rol	eie
kas	mou	hut	van	lig
tot	hout	gly	raak	skoen
weet	slot	snor	laag	wys
lees	drink	krul	man	loop
snik	vlek	water	skaam	omdat
wiel	stad	wild	slim	breek
slak	teken	hang	kraal	self
vier	kras	smous	neem	groe

Hoogste telling: _____ woorde per minuut



Lees in pare



In die smal pad agter die gebou sit 'n man. Dit sneeu. Die vuur wat hy gemaak het, smeul nou lekker. Dit kan snags koud raak hier. Hy smul aan 'n stuk snoek en deel dit met sy hond wat sy snoet teen hom kom druk.

? Dink jy die man het 'n huis?
Hoekom sê jy so?

Terwyl die man langs die vuur sit, vang sy oog 'n blink, groen steen. Dis snaaks, dink die man, en draai sy snor. Hy tel die steen vinnig op. Dit lyk duur. Hy is seker daarvan hy kan dit smous, en dan sal hy en sy hond lekker kan leef.

? Wat gaan die man met die steen doen?





DATUM _____

Waarom moet ons bome plant?

Bome is belangrik vir mense, maar ook vir alle ander lewende wesens.

Eerstens gee bome vir ons suurstof en help om die lug wat ons inasem, skoon te hou.

Tweedens verskaf bome skuiling en voedsel aan diere, voëls en insekte. Bome beskerm en hou hulle aan die lewe.

Derdens verskaf bome hout, voedsel, medisyne, houtpulp en ook baie ander produkte aan ons.

Laastens hou die wortels van bome die grond vas en voorkom gronderosie.

Wanneer ons bome afkap en nie ander plant nie, kan gronderosie plaasvind. Dit is 'n groot probleem vir boere.

Ons vier die belangrikheid van bome gedurende Boomplantweek (die eerste week in September).

sp



spek



spons



spaar



spoor

spoed

spaan

speek



_____ eure



_____ aak



_____ aan

Die span laat spat die rekords, want hulle speel
die spel met speed.



DATUM _____

'n Kalender met spesiale dae



Lentedag

Dit is die eerste dag van die lenteseisoen. Ons vier dit met blomme.



Boomplantweek

In die eerste week van September word mense gevra om bome te plant om die aarde groen te hou.



Internasionale

Geletterdheidsdag

Mense van oor die hele wêreld word herinner aan die belangrikheid van lees.

September

1  Lentedag	2 	3 	4 	5 	6 	7  Boomplantweek
8 Internasionale Geletterdheidsdag	9	10	11 Grootouerdag	12	13	14
15	16	17	18	19	20	21 Internasionale Vredesdag
22	23	24 Erfenisdag	25	26	27	28
29	30					



Grootouerdag

Ons sê en wys aan ons grootouers asook alle bejaarde mense hoe belangrik hulle vir ons is.



Internasionale Vredesdag


Op hierdie dag word mense van oor die hele wêreld gevra om nie iets gewelddadigs te doen nie.



Erfenisdag

Mense in Suid-Afrika herdenk en vier al die verskillende kulture in ons pragtige land.

Vul die ontbrekende klanke in.



1 sp ies



2 _____ek



3 _____eel



4 _____aar



5 _____ons



6 _____aan



7 _____oor



8 _____an



DATUM _____

Een miljoen bome



Prof. Wangari Maathai was 'n Keniaanse vrou wat die Green Belt-beweging begin het. Sy het vroue in Kenia gehelp om meer as een miljoen bome te plant om die omgewing te help.

Watter spesiale prys het Wangari Maathai gewen?

st



stop



ster



stoof



stoei

stap

stert

stem



_____ert



_____uis



_____aai

Hy **st**oot die man wat **st**eel dat die **st**of so **st**aan.



DATUM _____

My tweede kompos-verslag

Waarneming in Week _____



Wat ek
gesien het

Ek het veranderinge
in my kompos gesien.

☐ ja

☐ nee


Die boonste laag van die kompos is _____.

Die kleur van die kompos is _____.

Ek het _____

_____ opgemerk.

Skryf die woorde korrek neer



1



stpo

stop

2



naasp

3



spraak

4



ortst

5



oeist

6



nsspo

7



kesp

8



eelst



DATUM _____

Leesbegrip

Lees **Dora se ouma en die Phelophepa-trein.**
Merk die regte antwoorde.

1 Waarom het Ouma na die Phelophepa-trein gegaan?

- ☐ Sy kon nie hoor nie.
- ☐ Sy kon nie sien nie.
- ☐ Sy kon nie loop nie.



2 Waarom was die trein laat?

- ☐ Die trein se steenkool was op.
- ☐ Die trein se diesel was op.
- ☐ Die kables op die spoorlyn was gesteel.



3 **Voltooi die sinne.**

Ouma het _____.

Kegetso se suster het _____.

Petros het _____.

4 As jy op die Phelophepa-trein sou ry, wat sou jy die dokters gevra het om te doen?



Lees in pare



Stoffel was 'n baie stout skelm. Hy het langs die spoor gebly en mense se geld gesteel. Dan spot hy hulle en hardloop met 'n spoed weg dat die stof so staan. Hulle kon hom nie stop nie. Hulle kon net stom staan en kyk.

? Hoekom kon niemand vir Stoffel stop nie?

Die hele dorp het toe 'n plan gemaak. Hulle het 'n man wat stoei, gevra om op 'n dag vir Stoffel in te wag. Die man het nie gespeel nie en voordat Stoffel nog met sy buit kon spog, het die man hom gestamp. Stoffel het nooit weer gesteel nie.

? Hoekom het Stoffel nooit weer gesteel nie?



Bly veilig op die pad

Week 7 en 8





Skolierpatroolie



Ek is Kabelo. Ek woon in Ga-Mashalane in Limpopo.

Ek is deel van die skolerpatroolie by ons skool.
Ons help die kinders om die pad naby die skool oor te steek.

Vandag is my eerste dag as lid van die span.
Ons onderwyser het ons opgelei, so ons weet wat om te doen.



Om 07:00 kry ons ons toerusting in mnr. Mashiane se klaskamer.

Ons dra almal spesiale geel baadjies. Hierdie glimbaadjies weerkaats lig en word maklik raakgesien. Motorbestuurders kan ons dus maklik sien. Ons dra ook helder oranje pette terwyl ons hek toe marsjeer.

Ek dink ons lyk baie spoggerig.



Om 07:15 staan ons op ons plekke naby die voetoorgang.

Party spanlede staan aan die oorkant van die pad. Ek staan aan die skool se kant.

Ek is 'n bietjie senuagtig toe ek die motors en taxi's sien verby ry, maar my spanleier stel my gerus dat die motors altyd stop.





'n Paar klein kindertjies het gekom en wou die pad oorsteek. Hulle het van hul huise af gestap en hul skooltasse is baie groot en swaar.

Ons laat hulle langs die pad wag. Hulle raas baie, en daarom vra ons onderwyser hulle om stil te bly.



Wanneer daar 'n groep kinders is wat die pad wil oorsteek, blaas ons spanleier die fluitjie. Ons versper die pad met ons stoptekens.

Die motors stop. Party bestuurders waai, en ander haal hul selfone uit om vir boodskappe te kyk. Wanneer al die motors gestop het, laat ons die kinders die pad by die sebrastrepe oorsteek.

Sodra die kinders die pad veilig oorgesteek het, haal ons ons tekens weg sodat die motors kan ry. Party kinders sê dankie en hardloop al langs die paadjie skool toe. Dan wag ons vir die volgende groep kinders.

Ek voel baie trots, want ek het die kinders gehelp om die pad veilig oor te steek.





Wees helder, wees sigbaar, wees veilig!



Wees helder!

Dra iets helderkleurigs soos 'n gekleurde mussie of 'n gekleurde rugsak. Dra 'n helderkleurige helm as jy fiets ry.

Wees sigbaar!

Maak seker dat die bestuurders jou kan sien. Dra iets wat lig van kleur is as dit donker is. Dra 'n wit of geel baadjie of hemp bo-oor jou sweetpak. Jy kan 'n glimbaadjie dra wat die ligte van motors weerkaats.



Wees veilig!

Loop altyd op die sypaadjie of aan die kant van die pad. Loop aan die regterkant van die pad sodat jy altyd die aankomende motors kan sien.

SW



swaan



swem



swaai




swart

swerf

swaard


sweis



_____ ek



_____ er



_____ aard

Die swaan swem en kyk na die swerm wat sweef.

Kies die regte woord



swerm



swaai


swem



swaan



swart



swaard



1 Tatjana swem baie vinnig.

2 Ouma brei vir Niekie 'n _____ trui.

3 Luke speel op die _____.

4 Daar vlieg 'n _____ bye.

5 Die vegter het 'n blink _____.

6 Die wit _____ beweeg stadig langs die rivier af.



DATUM _____

Pikkewyn- waarskuwing



In Simonstad is daar spesiale padtekens wat motors waarsku om uit te kyk vir pikkewyne. Pikkewyne steek die pad oor om hul neste op die rotse en in die bosse aan die ander kant te bou.

**Pikkewyne is voëls,
maar kan hulle vlieg?**

tr



trein



traan



trok




trui

trom

troon

trou



ou

om

ryf

Die **t**rotse seun speel sy **t**rom vir die prins
op die **t**roon.



DATUM _____




Spoelees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

sag	trek	teen	aan	klim
leer	gee	sy	een	om
spaar	van	foon	vang	teken
mak	swart	neem	jaar	drink
ly	bring	trui	met	uit
tros	dink	blou	brood	hele
wes	swem	tog	dit	rooi
steen	vra	tyd	gaan	speel
kies	vind	weg	wees	trein
lief	moet	steel	sent	blik

Hoogste telling: _____ woorde per minuut



Lees in pare



Swen is 'n swaeltjie wat uit die nes geval het. Hy is nog te swak om te vlieg. Die res van sy gesin het al na 'n warm land vertrek, maar hulle het nie geweet dat hy nie by is nie. Hy moes al 'n paar keer koes dat mense nie op hom trap nie. Elke aand huil hy lang trane.

? Wat het met Swen gebeur?

Kort daarna kom 'n swaan op Swen af. Sy het in 'n dam daar naby geswem en vir Swen gesien. Swaai-swaai stap sy nader en vra vir Swen wat gebeur het. Sy besluit net daar dat Swen te lank swaar gekry het. Sy tel hom op en vlieg met hom tot by sy gesin. Toe kon hy trots saam met die swerm sweef.



? Hoe het Swaan vir Swen gehelp?





DATUM _____

Stop! Kyk! Luister! Dink!


Volg hierdie reëls wanneer jy die pad oorsteek.

Stop!



Stop by 'n kruising of 'n verskeerslig indien moontlik. Staán 1 meter vanaf die kant van die pad. Staán só dat jy duidelik kan sien wat aankom en dat jy gesien kan word.

Kyk!



Kyk oral, nie net na die pad nie.
Kyk vir motors, fietse en ander voetgangers.
Kyk na die verkeersligte.

Luister!



Luister vir motorenjins.
Luister vir toeters.
Luister vir instruksies van volwassenes.

Dink!



Is dit veilig om die pad oor te steek?
Is die pad in albei rigtings skoon en veilig?
Kan ek betyds aan die ander kant kom?

vl




vlag



vlerk



vleis



vlooi

vlam

vloer

vlieg



_____ am



n _____ s



n _____ t

Die **v**linder **v**lieg oor die **v**lak water van die **v**lei.



DATUM _____

Padtekens



Padtekens help om mense veilig op die paaie te hou. Padtekens sê vir ons wat om te doen en waarsku ons teen gevaar.

Wat beteken hierdie padtekens?



vr



vrou



vraag



vrug



vroeg

vries

vryf

vrot



_____ oente

_____ aas

_____ aag

Die vrou eet vreeslik graag vrugte.



DATUM _____

My derde kompos-verslag

Ek het kompos op _____ begin maak.

Die streep wat ek getrek het, was _____ cm
vanaf die boonste deel van die bottel.

Ek het elke week my kompos natgemaak. Toe ek
daarna gekyk het, het ek _____

_____ opgemerk.


Ek het my kompos op _____,

_____ en _____ gemeet.

Die streep wat ek vandag getrek het, was _____ cm
vanaf die boonste deel van die bottel.

Ek dink die kompos het in die bottel afgesak omdat

_____.



Lees in pare



Frik gee 'n lang gaap en vra vir sy vrou hoe laat dit is. Hy moet altyd vroeg opstaan om reg te maak vir die dag se eerste vlug. Vandag het hy 'n vry dag. Sy vrou bring vir hom vrugte en vla vir ontbyt.

? Wat bring Frik se vrou vir hom?

Hulle kyk hoe die son soos 'n vlam agter die berg opkom. Hulle kyk hoe die voëls laag oor die vlei vlieg. Die voëls flap hulle vlerke toe hulle bad. Frik en sy vrou is vol vreugde.

? Noem een ding waarna Frik en sy vrou gekyk het.



Wie kan help?

Week 9





Die wolf en die sewe bokkies

Die wolf het 'n growwe stem en swart harige pote.



Mamma Bok en haar sewe bokkies het in die woud gewoon.

Eendag moes sy uitgaan. Sy het vir die bokkies gesê om nie die wolf in die huis in te laat nie, want hy sal hulle opeet.

“Hy is baie slinks, so ek is baie bekommerd,” het sy gesê.



Maak oop die deur,
klein bakkies! Ek
is jul mamma en
ek het vir julle 'n
verrassing gebring.

Ty is nie ons
mamma nie! Sy
het 'n sagte,
soet stem. Ty is
die nare wolf!

Die wolf het aan die deur geklop. Hy het gemaak of hy hulle mamma was.

Toe die kinders sy growwe stem hoor, het hulle baie bang geword en vir hom gesê om weg te gaan.



Toe het die wolf kryt geëet om sy stem sagter te maak.
Hy het weer na die bokkies se huis gegaan.
Hy het gemaak of hy hulle mamma was.

Die bokkies het sy sagte stem gehoor, maar hulle het sy harige pote gesien.

Hulle het vir hom gesê om weg te gaan.





Die wolf het meel gebruik om sy pote sag en wit te maak. Hy het weer na die bakkies se huis gegaan. Hy het gemaak of hy hulle mamma was.

Die bakkies het die sagte stem gehoor en die wit pote gesien en die deur oopgemaak.



Die wolf het by die huis ingehardloop en al die bakkies ingesluk. Toe het hy in die woud ingegaan en gaan lê en slaap.

Toe Mamma Bok by die huis kom, het sy gesien dat al haar bakkies weg was. Sy was baie hartseer. Sy het na die wolf gaan soek.



Mamma Bok het die slapende wolf se maag met haar skêr oopgeknip, en al die bökkies het uitgespring! Hulle het die wolf se maag vol klippe gemaak en Mamma Bok het sy maag weer toegewerk.

Toe die wolf wakker word, het hy rivier toe gegaan om water te drink. Die swaar klippe het gemaak dat hy in die rivier val en tot onder afsak.

Die bökkies het vir ewig gelukkig saamgeleef.




Maak 'n noodoproep



- 1 Haal diep asem sodat jy kalm kan wees.



- 2 Skakel **1011** vanaf 'n landlyn of **112** vanaf enige selfoon.



Iemand is beseer – ons het 'n ambulans nodig.

- 3 Sê dat daar 'n noodgeval is. Hulle sal jou na die regte departement deurskakel.



My naam is Amahle. Ek is buitekant die Newtown-skool.

- 4 Gee jou naam en sê ook waar julle is.



'n Seun het van die muur afgeval en sy kop bloei. Ons kan hom nie wakker kry nie.

- 5 Verduidelik wat gebeur het. Gee al die besonderhede.

Maak die seun toe, maar moet hom nie beweeg of optel nie. Stuur iemand na die hoek van die straat om vir die ambulans te wys waarheen om te gaan.

- 6 Volg die instruksies van die operateur noukeurig.



Baie dankie. Die ambulans is nou hier. Tot siens.

- 7 Moenie die foon afskakel nie. Wag totdat die operateur vir jou sê om dit te doen.

spr
str



spreeu




stroop



spring



sproet





spruit

struik

streep

straal



_____ oom

_____ ing

_____ ooi

Die **s**prinkaan en die **s**preeu sit in die **s**truik
langs die **s**troom.

skr



skroef



skrik



skrif



skraal

skree

skroei

skrum



_____ eel



_____ am



_____ ieg

Die skrywer skrik en skree toe die skraal kat deur die skrefie loer.



DATUM _____

Bestry brande



Wanneer brande baie erg is, kan helikopters help om die vuur te blus. Hulle vervoer water in groot houters wat aan die helikopters hang en laat dit dan op die vlamme val.

Watter tipe werk doen die mense by Working on Fire (WOF)?

Kies die regte woord



spreeu

skryf



sproet



strooi



skroef

strepe



1 Die man skryf 'n storie.

2 Die perd eet graag _____.

3 Pappa draai die _____ vas.

4 'n Sebra is swart met wit _____.

5 Die _____ eet die wurms.

6 Daar is 'n _____ op haar gesig.



DATUM _____

Leesbegrip



Lees die storie **Die wolf en die sewe bakkies**.



1 Plaas die gebeure in die regte volgorde.

- ☐ Die wolf het die bakkies met 'n growwe stem geroep.
- ☐ Die bakkies het die wolf se harige pote gesien.
- ☐ Die wolf het die bakkies bedrieg en hulle ingesluk.
- ☐ Mamma Bok het kos gaan soek.
- ☐ Mamma Bok het die wolf se maag oopgeknip.
- ☐ Die wolf het kryt geëet om sy stem sagter te maak.
- ☐ Die wolf het meel op sy pote gesit.
- ☐ Die bakkies het klippe in die wolf se maag gesit.

2 Merk die woorde wat ons van gevoelens vertel.

- | | | |
|--------------------------------|----------------------------------|---------------------------------|
| ☐ besig | ☐ gelukkig | ☐ bang |
| ☐ hartseer | ☐ bedrieglik | ☐ bekommerd |

3 Hoe het die Mamma Bok haar sewe bakkies gered?



Spoelees woorde

Hoeveel woorde kan jy in een minuut lees?

beste	mense	lees	sing	ook
snaaks	groen	moet	vol	ons
doen	sproet	warm	skop	sny
gehad	pot	werk	koud	land
bad	spring	melk	waarom	skroef
môre	skryf	lig	stroom	goed
tand	seer	nooit	kry	vandag
hond	skree	swem	want	stop
water	proe	vroeg	verf	tafel
vier	geel	stroop	tak	tuin

Hoogste telling: _____ woorde per minuut



DATUM _____

Lees in pare



Onder die struik in die straat bly 'n kat met strepe. In die dag drink hy water by die stroom en snags jag hy spreekus. Dit is soms vir hom 'n stryd om kos in die hande te kry en hy raak skraal. Een aand stap hy na die huis oorkant die pad en loer na binne.



Waar bly die kat?


Die man hou al lank die kat met strepe dop. Hy nooi die kat in en voer hom kos uit sy bord. Hy skrik toe die kat op sy skoot spring. Vir die eerste keer in 'n lang tyd is die kat se maag vol. Van toe af bly hy en die man baie lekker saam.




Hou die kat van die man?
Hoe weet jy dit?



Uitknipbladsye









Die onderwyser het die

kinders geleer van piepklein

wesens wat in die grond leef.











Toe Amos deur die

vergrootglas gekyk het, het



hy klein eiertjies gesien.










“Ons het ’n fietsklokkie vir hierdie
kruiswa nodig,” het Mkhulu gesê.




Hy het toe een by
die vullishoop gekry.









Hulle het al die plastiekbottels,




koeldrankblikkies en




gebreekte glas ingegee




en geld daarvoor gekry.







Kegetso se suster moes ook na




die Phelophepa-trein gaan.




Sy wou vir haar inenting




teen griep gaan.







Ouma het 'n nuwe bril gekry.




“Nou kan ek al die pamflette




lees,” het sy gesê.







Die motors stop. Party




bestuurders waai, en ander




haal hul selfone uit om




vir boodskappe te kyk.







Ons dra almal spesiale geel




baadjies. Hierdie glimbaadjies




weerkaats lig en word




maklik raakgesien.







Sy het vir die bakkies gesê om nie



die wolf in die huis in te laat nie,



want hy sal hulle opeet.





Funda Wande

Reading for Meaning

My nuus

Vandag wil ek julle vertel van ...



Wanneer?




Wie?



Waar?



Wat het gebeur?



Ek het ... gevoel.
Omdat ...



Western Cape
Government
FOR YOU

Education

 **creative
commons**
CC-BY- 4.0



VERSION 2.0